# RESENSIE

**Titel:** Theology and Economics. The hermeneutical case of Calvin today.

**Outeur:** Haan, Roelf.

**Uitgewer:** Bybel-Media: Wellington. 2012.

ISBN 978 0 86487 702 4

Wanneer ’n ekonoom van die statuur van Roelf Haan oor Calvyn se nalatenskap vir vandag skryf, behoort teoloë te luister. Een van die groot tekortkominge in die huidige publiek-teologiese diskoers oor ekonomiese sake, is immers die ongenuanseerdheid waarmee teoloë en predikante hulleself soms oor ekonomiese sake uitlaat. Woorde soos “verbruikersmentaliteit”, “kapitalisme”, “ekonomiese krisis”, ensovoorts word gemaklik rondgegooi, sonder aanduiding van ’n grondige verstaan van die terme en veral ook sonder konkrete alternatiewe of minstens ’n konstruktiewe bydrae wat insig toon in dié ekonomiese kragte wat wel in diens van ’n groter doel gestel kan word. Prof Haan vul hierdie leemte met ’n boek wat getuig van ’n omvattende kennis van ekonomiese sisteme, sowel as eerstehandse kennis met die geskiedenis en denke van Calvyn. Sy boek is heel tydig hier kort na die 500-jarige herdenking van Calvyn se geboortedag en te midde van die lewendige gesprek oor die historiese resepsie van Calvyn, juis ook hier in Suid-Afrika waar enige konserwatisme dikwels met die term “Calvinisties” aangedui word.

Haan slaag in hierdie boek juis om wanvoorstellings van Calvyn met tasbare bewyse uit Calvyn se oeuvre en geskiedenis te weerlê. Die beste voorbeeld wat Haan aanwend, is die wyse waarop Calvyn met die idee van rente op geleende kapitaal omgaan. Calvyn se ekonomiese beginsels blyk duidelik: “No advantage should be taken of the poor and never of any situation of indigence or calamity,” “The norm is not what the world considers to be popularly acceptable, but we should read in the Word of God what would be right and equitable” en “Interest has not only an effect on the contracting parties, but there are public external effects to be reckoned with” (p 95). Die kredietkrisis van 2008 was waarskynlik die beste illustrasie van “public external effects” in die onlangse geskiedenis.

Sommige van die hoofstukke in Haan se boek is makliker leesbaar as ander waar die gebrek aan afgebakende temas en sub-afdelings die logiese vloei van die argument benadeel en voorkom as herhaling van vorige temas in die boek (by name die hoofstukke oor wetenskap en tegnologie, neo-Calvinisme, die tegniese gemeenskap en ongelukkig ook die twee laaste hoofstukke waar gevolgtrekkings behandel word). En hoewel dit met volle erkenning geskied, word moontlik te swaar op die werk van Biéler gesteun, sodat die boek nie net as ’n interpretasie van Calvyn nie, maar ook as ’n interpretasie van Biéler gesien kan word. ’n Helderder uiteensetting van Calvyn se posisie ten opsigte van die teokratiese ideaal asook die interpretasie

van “soewereiniteit in eie kring” word ook gemis. So ook ’n uiteensetting van verskillende modelle van gesprek tussen teologie en ekonomie ten einde uiteindelik die “tweetaligheid” te belig wat ’n publieke teoloog moet kan bemeester en Calvyn binne sy konteks duidelik kon doen.

In die geheel bly hierdie werk van Haan ’n móét-lees vir elke geïnteresseerde in die raakvlakke tussen teologiese etiek en ekonomie (en hoort veral die hoofstuk oor ekonomiese temas by Calvyn ongetwyfeld as deel van voorgeskrewe werk vir studente in teologiese etiek). Dat die Bybelse boodskap oor ekonomie die klem op geregtigheid is, kom van Calvyn af via Haan helder na ons tyd deur – ’n boodskap wat dringend gehoor moet word.

Johan van der Merwe